HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Martin Luther het gesê: “Ons Here het die opstanding nie alleen in boeke geskryf nie, maar in elke blaar van die lente.”

Is dit nie wonderlik om ons Hemelse Vader so met die verandering van seisoene te beleef nie?

In hierdie tyd dink ons steeds aan die Gr. 12-leerders wat besig is met hulle eksamen.

“SCHOOLS THAT ROCK”

Alle skole-nuus en prestasies kan gevind word op “Schools that rock”. Besoek gerus die webwerf deur die volgende skakel te volg en gaan beleef Hoërskool Fichardtpark se prestasies op viruele vlak.

https://freestate.schoolsthatrock.co.za/category/free-state-schools/hoerskool-fichardtpark/

VERF-FEES

Die verf-fees se laaste, inbetalings word gemaak op Vrydag 30 Augustus. Baie geluk aan die leerders wat vir die volgende drie Vrydae gewone klere mag aantrek.

SOMERSDRAG

Vanaf Maandag, 2 September moet alle leerders somersdrag aantrek.

GIMNASTIEK

Geluk aan die volgende leerders wat mooi presteer het en Vrystaat-klere verwerf het: Ludzi Arpin, Christian Venter, Christine Kruger, Ignus Kruger, Leané Geyer, Mianda Neil, Vivian Lombaard.

SOSIALE MEDIA

Op Donderdag, 22 Augustus het 'n klompie van ons personeel die praatjie oor die gevare van sosiale media bygewoon. Carla de Beer van "The Digital Law Co." het ons net weer attent gemaak op die gevare van sosiale media.

Die volgende belangrike reëls geld vir ouers:

- Moet nie spyt wees oor enige iets wat jy aanlyn plaas nie.
- Moet nie dat jou kinders met iemand praat wat hulle nie ken nie.
- Moet nooit dink dat jy of jou kinders anoniem aanlyn is nie.
- Moet nooit iets aanlyn sê as jy dit nie vir iemand persoonlik kan sê nie.

Wenke vir ouers:

- U as ouer moet die voorbeeld stel. Moenie self by kuber afknouery betrokke raak nie.
- Leer en verstaan die webtuistes en toeps (apps) wat jou kind gebruik.
- Lê reëls neer rakende die hoeveelheid persoonlike inligting wat jou kind mag uitgee.
- Maak seker dat jou kind se "location setttings" altyd af is.
- Werk saam met jou kind om sosiale media rekeninge op te stel. Maak seker dat "private settings" aan is.
- Leer jou kind van die positiewe gebruik van sosiale media en dat dit NIE DAAR IS VIR KUBER-AFKNOUERY OF BOELIE NIE.

STERKTE MET DIE WEEK SE AKTIWITEITE

30/31 Augustus: "Big bash" kriekettoernooi by Grey Kollege.
31 Augustus: Sewes toernooi by Hoërskool Sentraal.
31 Augustus: Voortrekkerkamp by Doornkloof.
31 Augustus: Netbal "Fast five" by Hoërskool Jim Fouché.
31 Augustus: Atletiek-kursus by Stadion.
31 Augustus: Cheerleaders: Vrystaat Proewe by Hoërskool Fichardtpark.

WOW-SPELKOMPETISIE

Die volgende leerders dring deur na die Nasionale Spelkompetisie wat in Oktober in Stellenbosch plaasvind:

- Suné Booysen (2de Vrystaat)
- Nikia Pottas (7de Vrystaat)
- Johan Volschenk (5de Vrystaat)

PRESTASIES

Baie geluk met die volgende leerders se prestasies.

Vrystaat skole skietspan:

o/21
B-span
Hestine Bosch, Edric Page, Ruan Coetzee,

Individueel

Jaydee Bronkhorst

o/16
A-span
Hanro Pienaar

B-span
Juané Bester
Mia van Heerden

C-span
Luan Maree

D-span
Aletia Lötter
Anja Martin
Bennie Viljoen

o/14
A-span
Ian Vorster
Tiaan Blom

B-span
Reagan Hunter

C-span
Kara Scholtz
Cayla Bronkhorst
Nelius Grobbelaar

D-span
JF Smith
Luciana van Niekerk

Voortrekkers Brandkop-kommando Jeugleier vir 2020:
Tian Herbst en Ludzi Arpin.

Vrystaat landloopspan
Lize Ackerman

MTB Spur Bergfiets liga

Posisies in die Vrystaat na kompetisie 3.
Junior seuns
9de Marcus Maree

Jeug seuns
12de Hanno van Zyl
26ste Sipho Maqibelo

Sub-Junior seuns
8ste Wiehan Mostert
14de Regan John Hunter

SEWES RUGBY

Geluk aan ons spanne wat mooi presteer het by die Grey sewestoernooi:

o/17 eindig 6de uit 12 skole.
Wen teen Hoërskool Sentraal, o/17A - 21-14.

o/15A eindig 6de uit 12 skole.
Wen teen Jim Fouché, o/15A 10-5.

o/15B wen Hoërskool Zastron o/15A.
Wen Bowl finaal.

GRAAD 9 NW OLIMPIADE

Baie geluk aan Bennie Viljoen, Ruhan de Koker, Dawie Botes en Niël Arlow wat ‘n 3de plek behaal het en deurdring na Vrystaat finale vir die Gr. 9 NW-Olimpiade.

ADMINISTRATIEWE / AFROLPOS

Vereistes: Rekenaarvaardig.
Bereidwilligheid om te leer.
Goeie gesondheid.

Die volgende dokumente moet u aansoek vergesel:

- Aansoekbrief.
- Afskrifte van kwalifikasies.
- Afskrif van ID-dokument.
- CV.

Salarisskaal: Pakket sal met onderhoud onderhandel word.

Aansoek sluit: 05 September 2019

Posaanstelling: 01 Oktober 2019

Handig alle aansoeke persoonlik by skool in:

Vir aandag:

Voorsitter van die Beheerliggaam
Hoërskool Fichardtpark

Indien u nie vir ‘n onderhoud genooi word binne ‘n week na die sluitingsdatum nie, aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

FICHIE-GROETE